Boodskap vir Sondag 19 Julie 2020

Gegroet vanuit die pastorie

Soos asof dit gister was onthou ek die woorde van 'n kollega dat geloof soms toksies kan wees. Geloof wat giftig, selfs dodelik kan wees? Die kollega van my en ek is na 'n man wat in hegtenis geneem was omdat hy sy vrou trompop doodgeskiet het oor sy 'n affair gehad het. Hy het vir my gesê ek moet kyk – vanaand gaan die man vol berou en huilerig wees, maar more gaan hy glo hy het reg gedoen. Dis toksiese geloof, het hy gesê, dodelike geloof.

In my navorsing oor godsdiens en wetenskap het ek gou-gou gesien dat wetenskaplikes wat verklaar hulle nie glo nie, wel glo dat alles wat is sommer uit niks verskyn het nie – 'n aanname wat ten hemele skreeu. Die wetenskaplikes het baie redes en formules wat hulle geloof in die iets uit niks siening probeer staaf, maar dit bly geheel onbewese. Maar hulle is vasgevang in 'n vlakke verwarring en dit is mode om nie in 'n Intelligente Ontwerper te glo nie.

Geloof het hierdie baie eienaardige aanpaksel dat mens juis iets wil glo waarvan jy onseker is. Mense maak van die onsekere 'n oortuiging want anders gaan hulle verdrink in diepsee van onsekerhede. Toets dit maar – vele dinge wat ons glo is eintlik 'n bewys van ons onsekerheid. Glo jy aan God? Nog 'n beter vraag: Glo jy aan 'n almagtige en liefdevolle God? Hoekom dan is daar so baie kwaad in die wêreld? Ja, natuurlik, dis die oersonde wat in die mens vernietigend werk en ons almal ly maar daaronder – dit staan mos in die Bybel, sal baie glo, maar ek kan dalk vir jou vra waar staan die begrip oersonde in die Woord van God?

Ons ly nou onder 'n regering wat absoluut onseker is om die coronavirus-situasie te hanteer, maar volledig glo die regte besluite word geneem om miskien 100 mense se lewens te red, terwyl dieselfde regulasies baie meer mense in hongersnood indwing wat tot veel meer sterftes kan lei. Dis asof ons met die woorde dat ons iets glo, onsself oortuig dat ons reg is en nie bevraagteken mag word nie. Sodra jy in iets glo, dan het jy die reg om enigiets reg of verkeerd te doen – en dit word so ooglopend oor die tye beklemtoon in die regverdiging van 'n geloof in God?

Geloof, met die bedoeling egte geloof op sigself, het die boek Hebreërs in hoofstuk 11 'n mening: *Geloof egter is die sekerheid van die dinge wat gehoop word; 'n bewys van die dinge wat nie gesien kan word nie*. Geloof soos hier gebruik word, word verduidelik as 'n proses wat jou tot 'n oortuiging bring wat jou ondersteun om met selfvertroue te lewe in die vertroue die dinge wat jy nog nie sien, maar op hoop, kan gebeur. Eksegete behoort in die Griekse teks te eien dat geloof as werkwoord 'n pragmatiese ondertoon het.

In die derde vers van Hebreërs 11 word die verduideliking voortgesit, maar nou is dit nog meer abstrak: *Deur geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is, met die gevolg dat dit wat gesien kan word, ontstaan het uit dit wat nie gesien kan word nie*. Daar is seker nie so baie mense wat op hoogte is van die insigte wat kom uit die navorsing oor ons kosmos nie, maar diegene wat op hoogte is, sal gou-gou eien dat die

uitspraak presies stel van hoe die fisici nou begin verstaan die universum tot stand gekom het. Die wetenskaplikes sal net nie sê hulle glo dit nie, maar dat dit feitelik die waarheid is. Gelowiges sal die uitspraak aanvaar sonder nadenke omdat hulle deur 'n proses van begeleiding gegaan het wat die oortuiging huldig. Nou praat fisici van 'n meerdere werklikheid, terwyl gelowiges praat van 'n Intelligente Ontwerper. Een befaamde fisikus het aan my gesê hy glo werklik in 'n meerdere werklikheid wat hy met 'n hoofletter sal skryf en dit hom inspireer om baie dinge te doen, maar hy sien baie gelowiges glo nie werklik in 'n God wat hulle bely nie, want hulle wys dit nooit nie en hy tog nie soos 'n fariseër wil lewe nie.

Die boek Jacobus belig iets van die misbruik van geloof in sy hoofstuk 2:14 met die stelling dat geloof geken word aan die uitinge daarvan. Om net sê jy glo in iets sonder dat dit in jou lewe wys, vrywaar en bewaar jou nie. In vers 19 kap Jacobus die spyker op sy kop: *Glo jy dat God Een is? Goed so. Ook die demone glo dit en hulle bewe*. In die volgende vers word die beginsel herhaal dat geloof sonder dade nutteloos is. In vers 26 word dit weer onderstreep: *Want net soos die liggaam sonder asem dood is, só is die geloof sonder dade dood.* Sien wat my kollega bedoel het met toksiese geloof? Jou dade wys jou geloof – as jy jou vrou uit jaloesie doodmaak, sit daar 'n innerlike oortuiging in jou hart wat geloof genoem word. Geloof kan gesond wees, of siek en dit sien mens in die vrug van iemand se oortuigings.

Hebreërs 11:6 meld dit onmoontlik is om God te behaag sonder geloof en dat wie tot God nader in geloof beloon word. In dieselfde hoofstuk vers 8 word die geloofsvader Abraham as voorbeeld gebruik wat God gehoorsaam en die vrug daarvan pluk. Jacobus in hoofstuk 2:23 meld ook 'n ander aspek wat meesal anders verstaan wil word: *Abraham het God geglo en God het hom gereken as vriend*. Die kinkel in die kabel is dat die geloofvaders soos Abraham 'n goeie getuienis het omdat hulle God geglo het, eerder as om in God te glo en dit dan sonder die woema wat oorgaan na dade

Geloof is gehoorsaamheid aan God se wil; geloof vloei oor na dade wat sal wys of dit opbou of afbreek; geloof is 'n lewenslange en deurlopende proses; jou geloof wat oorvloei bied altyd die vrug daarvan volgens wat jy hoop en droom; geloof is die suurstof om voluit te lewe; geloof bied die onderbou wat jou regop hou in goeie en slegte tye. Dit is wat Paulus en Jacobus bedoel en soos dit staan in Hebreërs 10: 36 & 39: Julle het inderdaad volharding nodig, sodat julle, wanneer julle die wil van God gedoen het, die beloftes verkry / ..ons is nie deel van enige onttrekking wat tot ondergang lei nie, maar van die geloof wat lei tot behoud van die lewe.

Die genade van geloof bly met julle almal!

Amen